**3 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 124**
**Fokusgedeelte: Psalm 124:1**

## Al die lof aan God

Alles is in die hande van die Here! As Dawid na die geskiedenis van sy volk kyk, sien hy dat die Here nie los staan van die lyde en stryd van sy volk nie, al word hulle gedurig aangeval. Die Here is met sy volk. Die digter noem vier dinge wat sou gebeur as God sy volk nie gehelp het nie: dan het die vyand hulle lewendig verslind, dan het die waters hulle weggespoel, dan het die vloed hulle oorweldig, dan het die skuimende waters oor hulle gegaan.

So genadig is die Here! So sorg Hy vir dié wat aan hom behoort! Dis verseker: Redding kom net van God af. Ja, die Here red sy volk van 'n verskriklike lot.

So red, help en dra God vandag nog sy kind. In lyde en swaarkry kan jy geduldig wees, want jy weet dit kom van die Here, wat jou liefhet, af. Hy sal selfs die slegte in jou lewe omkeer sodat dit tot jou beswil strek. Hy help en dra jou.

Kan dit dan anders as dat ons ook soos Dawid uit ons hart roep: "Aan die Here kom die lof toe"? Ons word dan nie 'n prooi van ons grootste teenstander, Satan, nie. Ons word dan bevry soos wat 'n stomme voël wat in 'n wip gevang was, losgelaat is.

Ons was so vasgevang in die bande van die sonde, totaal magteloos, maar Jesus Christus het ons vrygemaak uit die wip van Satan om werklik voluit te kan lewe. Geen wip of versperring kan ons nou meer skei van die liefde van God nie.

Ons sou vasgevang bly as ons net by mense en in onsself na hulp en leiding in ons nood soek, maar as vrygemaakte mense het ons die genade om te weet hulp is alleen by die Here. Hy, wat hemel en aarde gemaak het, is dus magtiger as enige mens of enige krag, al het hulle baie mag. Hy is die Almagtige.

Jy mag die genade smaak dat die grote God, wat hemel en aarde geskep het en nog onderhou, nie net met die groot dinge in die heelal besig is nie, maar ook elke oomblik met ons is en vir ons omgee. Kan jy dan anders as om al die lof aan Hom te bring? In jou diens aan Hom. In jou dankbaarheid. In jou lewe as getuienis oor Hom in hierdie wêreld.

Dink net hoe sou jou wêreld gewees het as die Here nie met jou was nie!

*Sing: Psalm 124:4 (1936)*

*Ds. RG Aucamp (Middelburg, Karoo)*